PSALM 69:2-4; 13-17; 20-21; 30. MATTEUS 12:20 NGK MIEDERPARK 13/12/09
TEMA: DIE SEER IN DIE LEWE Ds Okkie Cilliers

Het jy al seer gekry in die lewe?
Het jy al seer gemaak in die lewe?

Dis twee vrae wat ons liewer nie wil hoor nie. Op die eerste vraag kan ons met oortuiging ”ja” antwoord, want ons ken die slae van die lewe en die dinge wat aan ons gedoen is goed. Hier word ons soos Dawid gekonfronteer met ander mense se foute, wreedheid en mislukkings. Op die tweede antwoord ons ontwykend, want hier word ons gekonfronteer met ons eie foute, wreedheid en mislukkings.

Het jy al seer gekry in die lewe?
Het jy al seer gemaak in die lewe?

Ons hoef nie eers te antwoord nie, want seer is deel van die lewe. Somtyds is dit nie te erg nie en kan dit uitgewerk, afgehandel en agter jou gesit word. Ander kere is dit afgryslike en hulpelose goed wat met ‘n mens kan gebeur – Dawid noem dit ”modder waarin ek nie kan staan nie.” (Ek onthou die bloedjong kind by my en ek probeer verstaan hoe en hoekom die meeste mense wat iets in haar lewe beteken dood is; sy is broos uitgelewer aan mense se genade en dit veroorsaak dat sy verkeerde keuses maak. Sy het meer “modder tot by haar keel” in haar 16 jaar gehad as wat die meeste mense in 2 leeftye ervaar!)

Sommige van die goed het jy self veroorsaak. Jy het betrokke geraak by goed wat golwe in jou lewe veroorsaak het en jou lewensboot geruk het. Voorbeelde is baie en die seer is groot. Een het in ’n verkeerde verhouding ingeloop of uit die regte een uitgeloop; ’n ander was oneerlik; die volgende het dinge gesê wat nie gesê moes word nie en het brûe afgebrand; ’n ander wil nie sy humeur onder beheer bring nie en dit het groot seer gebring; nog een het aangehou om goed te doen wat hy geweet het sy gesondheid gaan seermaak en nou het dit gebeur...
Dis dinge wat jou lewe geskud het en in die proses het jy ander mense (gewoonlik mense wat naby aan jou is) se lewens net so geskud. Jy wens jy kan dit ongedaan maak, maar dis gedane sake en niks kan die pyn wat dit by jouself en ander veroorsaak het, wegvat nie.

Sommige van die goed het ander mense in jou lewe veroorsaak. Grusame verhale kan vertel word – Dawid noem dat hy ”sleg daarvan afgekom het” (vers 20). Daar is die stories van vernedering: jy het op hom vertrou en gedink jy kan op hom staatmaak. Nou vind jy uit dat hy dinge agter jou rug gedoen het en die golwe wat dit veroorsaak gaan nog lank gery word. ’n Ander se storie is hoe hy ingeloop is met geld. Die mense se stories het mooi geklink en jy het hom vertrou met geld. Van sy mooi woorde het niks gekom nie en jy en jou gesin moet die prys betaal omdat daar nie geld is om drome waar te maak nie. Een vertel hoe iemand hom slegsê – sy het nie ’n goeie woord vir hom nie en al wat hy hoor is hoe hopeloos hy is en hoe dinge nou eintlik gedoen moet word. Daar is bitter stories van huwelike wat opgebreek het, verhoudings wat op die ashope beland het, kinders wat misluk het... goed wat die menswees in jou se hart uitruk!
Hierdie mense moet seer in jou lewe kom gesondmaak en hulle gaan dit nie doen nie. Inteendeel; dikwels regverdig hulle wat hulle gedoen het, praat mooi stories (selfs uit die

Bybel!) en hulle gaan voort met die lewe asof niks gebeur het nie. Dis sulke mense wat bitterheid laat worstel skiet in jou lewe.

Van die dinge het net eenvoudig gebeur. Dis goed waarvoor jy nie gesoek het nie en mense het dit ook nie oor jou gebring het nie. Omstandighede wat jy nie kan beheer nie, het dit veroorsaak. Iemand wat jy baie liefhet is lank siek; iemand wat jy liefhet is skielik dood; die ekonomie het die skuld gekry en toe verloor hy sy werk...
Teen mense kan jy nog iets doen, maar teen die lewe wat jy eenkant toe beplan en dan maak hy ’n seer slamse es anderkant toe met jou, is jy magteloos!

Jy het al seer gekry in die lewe.
Jy het al seer gemaak in die lewe.

Van dié goed wat gebeur het, weet niemand nie en seer het stilte geword. Jy kan nie met enigiemand daaroor praat nie, want as dit uitkom gaan dit jou en ander se lewens baie diep raak. Jy moet dit alleen dra. Somtyds dink jy dat jy dit regkry; ander kere jaag die stilte jou en dit kla jou aan - jy kan nie slaap nie en skuldgevoelens vreet jou op: “Hoe kon ek dit gedoen het?”
Van die goed het uitgekom en die geraas wat die veroorsaak is oorverdowend en seer. Jy probeer dit stil hou, maar dit borrel net uit. Dit is in elk geval net ‘n kwessie van tyd voordat dit sou uitkom want die Here weet van dinge en Hy sê dit sal van die dakke af verkondig word. Dit skud jou en meestal ook jou mense se lewens. Moses se episode met die Egiptenaar en die Jood is so tipies hiervan (Eks 2). Sy kop het hom gelos toe hy ‘n Jood help wat deur ‘n Egiptenaar verniel is. In ‘n woedebui slaan hy die man dood en begrawe hom en dink niemand het dit gesien nie. Die volgende dag wil hy twee Jode uitmekaar maak wat in ’n geveg betrokke is, en een tree hom aan oor wat gebeur het. Moses moes vlug vir sy lewe, want wie aan ’n Egiptenaar gevat het, het die Farao met sy lewe laat betaal. *Een ding in die geheim gedoen het sy en sy familie se lewens geruk* (gelukkig het God die ding goed laat afloop). Vir 40 jaar lank het Moses in ’n afgeleë woestyn gaan wegkruip en ek vermoed dat hy baie met die ding geworstel het: ”Wat het ek gedoen? Hoe kon ek dit doen? Kyk wat het ek alles verloor deur een onbesonne ding!”
Seerkry en seermaak is nie maar net deel van die lewe waar ’n mens jou skouers kan optrek, dit afskud en net met die lewe voortgaan nie. Dit raak elke grein van jou lewe. Jou selfvertroue raak weg, want jy weet nie wat om te doen nie - jy het dinge aan jouself gedoen, of mense het dinge aan jou gedoen/oor jou gesê wat veroorsaak dat jy nie meer iets wil doen nie omdat jy bang is jy misluk. Ander vertrou jy ook nie want jy weet nie of jy weer ’n klap gaan kry nie.

As seerkry en seermaak lank deel van jou lewe is, gaan jy binne dood. Eenvoudig omdat dinge nie meer werk nie en jy op ‘n punt kom dat dit ook nie meer saak maak of dit werk of nie. Jy ontrek jou van dit wat jou seermaak en jy vermy dit wat jy seermaak. Aanvanklik is dit vir jou sleg, later pla dit jou nie meer nie. Dis nie vreemd om te sien dat verhoudings dan opbreek en mense eenkant-mense word nie.

Deur al hierdie newels het ons ook nog met God te doen. In dié Psalm vra Dawid dat die Here hom tog gou moet antwoord en dat die Here nie moet toelaat dat die put bokant hom toegaan nie – sy ”gebed is tot die Here gerig.” Maar God maak nie altyd sin nie want God

kan doodstil raak as die modder dreig om oor jou kop toe te maak! Die Bybel maak die belofte dat Hy ’n geknakte riet nie verder sal breek nie en ’n lamppit wat op die einde gekom het en nie meer ’n vlam kan maak nie, nie verder sal sal uitdoof nie. Maar die riet word verder geknak en die lewenslamp se pit word heeltemal afgedraai. Dinge wil nie regkom nie en jy kry dinge ook nie reggemaak nie. Inteendeel; dieselfde mense en dinge herhaal hulself oor en oor. En dis juis die dinge wat jy nie wil doen nie, wat jy doen en wat jy nie wil laat gebeur nie, gebeur! Jy wil ook die impak van die mense wat ”in die poorte praatjies en liedjies oor jou maak” met die Here se krag uit jou lewe ban, maar jy kry dit nie gestop nie. Die impak daarvan word eerder net erger!

- Seerkry en seermaak maak jou siel dor. Dit bars oop en droog uit en dit word verniel. Dit laat jou uitroep: ”Here, ek het dors, stuur vir my net ’n bietjie reën.”

Jy het al seer gekry in die lewe.
Jy het al seer gemaak in die lewe.

Hoe nou gemaak? Die fout wat ons maak is om sentimenteel en emosioneel na hierdie goed en veral na God te kyk. Ons haal tekste aan soos “Moenie bang wees nie. Ek het jou by jou naam geroep, jy is Myne. As jy deur riviere moet gaan is Ek by jou; as jy deur die vuur gaan sal dit jou nie skroei nie” (Jes 43). Ons sê mooi dinge oor God soos “Hy is olie vir ‘n seerplek en wyn vir ‘n wond.” Dis alles waar en mooi, maar dit maak niks reg nie en vat geen seer weg nie. Want mense gaan voort om dinge aan jou te doen en goed vir/oor jou te sê; jy kry dinge nie reg nie en jy voel steeds soos ’n mislukking.

- ”Here, ek het dors, stuur vir my net ’n bietjie reën.”

Hoe nou gemaak? Moenie met jou emosies hiermee werk nie. As jy dit doen, gaan jou riet knak en jou lewenslamp se pit uitgedraai word omdat mense en dinge vir jou te veel gaan word. **Jy moet met jou kop en in die geloof sekere dinge vat en daarmee gaan leef.** Dit bring ’n vrede in jou en maak ’n krag in jou los om mee te leef, al verander niks en niemand rondom jou nie. ’n Paar dinge staan uit:

1. <u>God is heilig</u>.

Hier is 2 dinge van toepassing: (1) As jy besig is met goed wat teen God se heiligheid ingaan, kan jy hoegenaamd nie aanspraak maak op God se beskerming teen die seer wat kom nie. Want sonde maak deure van seer in jou lewe oop en magte word in jou lewe losgelaat wat jou kan/gaan vernietig. Jes 59:2 en Gal 6:7 is meer as duidelik hieroor.

- Neem hierdie waarskuwing ter harte en breek met sonde in jou lewe.

(2) God is heilig in sy beskerming teenoor jou. As mensewat nie met die liefde van God werk nie, vir jou wat God se oogappel is seermaak, gaan hulle met die lewende God swaarde kruis en Hy sal vir hulle doodmaak. Verse 23-28 is duidelik hieroor.

- Neem hierdie waarskuwing ter harte en moenie God se kinders seer maak nie.

2. <u>Hou vas aan God se beloftes</u>

As die Here ’n ding sê, staan dit vas en nog nooit het Hy op sy Woord terug gegaan nie. Om vas te hou aan beloftes, is nie om mooi sinnetjies op te sê nie, *maar om te kies dat dit waarheid is; om te kies dat jy by dit sal bly en dat jy jou lewe daarop sal bou.*

’n Belofte is net wat dit sê: ek sien dit nog nie, maar ek kies om te glo dat dit gaan gebeur. Ek hoef nie daaroor te redeneer nie en ek hoef dit nie te bewys nie. Deur dit te kies verander niks van die mense en die dinge wat my seer maak nie, maar dit bring fondamente waarop ek sal staan en dit bring vrede in my binnekant.

- Dis wat Dawid in vers 30 doen. Dis wat ek kies om te doen.

3. Ons het met Christus te doen.

Dis tog die dinge waaraan ons Kerstyd dink: Jesus het mens geword! 'n Deel van God het mens geword en in die grys en donker van my lewe ingeduik. Hy het my nie uit hierdie goed kom uithaal nie, maar Hy het sin in hierdie goed kom gee en vrede gebring wat bo alle verstand uitgaan. Ek is nie alleen met hierdie goed besig nie want my Verlosser het die pyn op Hom gevat, skouer onder my ingesteek en Hy loop die pad saam met my (Mat 28:20)

4. Daar is vergifnis.

Dit beteken drie dinge: (1) Die goed wat jy gedoen het wat seer gemaak het (dit maak nie saak wat dit is nie!) kan jy voor die Here gaan bely, daarmee breek en weet dat jy vergewe is (Rom 8:1). Jy moet jouself vergewe en jy mag jouself nie sien as gemors wat niks anders as 'n mislukking is nie. Jesus vat die seer van sonde weg.

(2) As iemand wat jou seer gemaak het jou vergifnis kom vra, moet jy hom vergewe en die seer van beide in Jesus se redding agter jou sit. Dit beteken nie dat jy hierdie persoon onvoorwaardelik in jou lewe toelaat en voortgaan asof niks gebeur het nie! (Die Here moet jou wysheid gee in hoe mate jy hom/haar vertrou en in jou lewe toelaat.) Jy maak jouself en die ander een los van die kettings wat die seer gebring het en jy gaan aan met jou lewe en jy laat die ander een toe om voort te gaan met sy lewe.

(3) Moenie met bitterheid werk nie. As jy "modder wat tot by jou keel gekom het" troetel, gaan die mense wat dit veroorsaak het in jou kop klim en hulle gaan jou hele lewe oorneem – dis al waaraan jy dink en jou hele wese skree uit na vergelding. Dan bid jy dat die bittere woorde van verse 26-28 oor hulle af.

Moenie! Dit gaan jou vernietig! Onthou daar is vergifnis. Laat God hom uitsorteer.

5. God is op pad.

Wat die situasie in Dawid se lewe was toe die bittere lied geskryf is, weet ons nie. Maar dat dit wel verby gegaan het en dat hy 'n ou man geword het wat rustig dood is, dit weet ons wel. Bittere en seer tye gaan verby en dit hou nie vir altyd aan nie. Daarom moet jy nooit besluite neem as jy seer gekry het nie. Vat die Here op die belofte van Rom 8:28 ("Ons weet dat God alles ten goede laat afloop vir die wat Hom liefhet"), raak stil en rustig en ry die golf uit, al is dit hoe seer! Moenie dat seer aan jou karring en jy goed sê en doen waaroor jy later spyt en en dit ontplof dan in jou gesig nie. Leef heilig en wag op die Here! Die Here sal jou deur die ding vat.

Jy het al seer gekry in die lewe. Jy het al seer gemaak in die lewe. Kry dit agter jou. Want dis kersfees – ons dink aan Jesus wat vrede gebring het. Hy het self gesê dat dit nie die vrede van die wêreld is nie, maar iets wat in Sy teenwoordigheid is. As jy dit verstaan, kan die wêreld rondom jou raas en selfs in stukke breek, maar 'n vrede sal in jou binnekant kom bly en groei wat jou deur die storms sal dra. God bly getrou aan Sy kinders!

Mag jy dit so beleef.
Amen.